

17 Maart

Skrifgedeelte: Spreuke 16

Fokusgedeelte: Spreuke 16:19 (OAV)

Liewer nederig en arm as ryk en trots

Die begrip ootmoediges kan ook vertaal word met armes. Hulle wat buit verdeel, word ook as ryk geag. Dan lyk hierdie spreuk nog meer vreemd vir ons hedendaagse wêreld. Om nederig en arm te wees, kan tog nie beter wees as ryk en trots nie, veral nie terwyl die armoede deesdae toeneem en selfs baie naby aan ons kom nie.

Dit gaan in hierdie spreuk egter nie om 'n stryd tussen arm en ryk nie, maar wel tussen nederigheid en trots. Die Here leer ons hier dat nederigheid 'n groter wins is as aardse rykdomme. Hierteenoor is hoogmoed en onafhanklikheid die botsende wêreldse waardes. Nederigheid en onderworpenheid is dus nie van nature deel van die sondige mens nie. Die sondaarmens is van nature opstandig en hoogmoedig. Wie wil hom met klein kindertjies bemoei as hy tussen die groot manne gereken kan word? Wie sal hom laat voorskryf as hy reken dat hy beter weet?

Die Here Jesus het juis ten tye van sy dissipels se onderlinge stryd om wie die belangrikste plek moet inneem, kindertjies geneem en van hulle gesê: Wie nie verander en soos die kindertjies word nie, sal nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie! (vgl. Matt 18:1-4). Hy Self het Hom ook as Saligmaker bekend gemaak en gesê: Salig is die armes van gees, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.

As Saligmaker het Hy juis alles neergelê, ook sy eie lewe, en Homself verneder tot in die dood aan die kruis om ons wat nederig en afhanklik voor Hom staan, ryk te maak deur die ewige saligheid.

Sing: Psalm 40:8 (1936-beryming)

Ds SA Cilliers (Waterberg)

